



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

ONTASBARE BATES

(AERP 31)

Erkenning

Die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates* berus hoofsaaklik op die gelykwaardige International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) wat deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS'e word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gevestig en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Kopiereg ©2012 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar, versend, of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk oor Ontasbare Bates

	Paragraawe
Inleiding	
Doelstelling	.01
Omvang	.02 - .10
Woordomsrywings	.11 - .20
Ontasbare bates	.12 - .20
Identifiseerbaarheid	.14 - .15
Beheer oor 'n bate	.16 - .19
Toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal	.20
Erkenning en meting	.21 - .64
Afsonderlike verkryging	.28 - .37
Latere uitgawes aan 'n verkrygde navorsings- en ontwikkelingsprojek in proses	.36 - .37
Ontasbare bates wat deur nie-uitruiltransaksies verkry word	.38 - .39
Verkryging as deel van 'n oordrag van funksies	.40
Uitruiling van bates	.41 - .42
Intern gegenereerde klandisiewaarde	.43 - .45
Intern gegenereerde ontasbare bates	.46 - .65
Navorsingsfase	.49 - .51
Ontwikkelingsfase	.52 - .62
Koste van 'n intern gegenereerde ontasbare bate	.63 - .65
Erkenning van 'n uitgawe	.66 - .69
Vorige uitgawes moet nie as 'n bate erken word nie	.70
Latere meting	.71 - .87
Kostemodel	.73
Herwaardasiemodel	.74 - .87
Nutsduur	.88 - .96



AERP 31

Ontasbare bates met beperkte nutsdure	.97 - .106
Amortisasietydperk en amortisasiemetode	.97 - .99
Reswaarde	.100 - .103
Hersiening van amortisasietydperk en amortisasiemetode	.104 - .106
Ontasbare bates met onbeperkte nutsdure	.107 - .110
Hersieningsevaluering van nutsduur	.109 - .110
Verhaalbaarheid van die drabedrag – waardedalingsverliese	.111
Diensonttrekkings en vervreemdings	.112 - .117
Openbaarmaking	.118 - .129
Algemeen	.118 - .124
Ontasbare bates wat ná erkenning met gebruik van die herwaardasiemodel gemeet word	.125 - .126
Navorsings- en ontwikkelingsuitgawes	.127 - .128
Ander inligting	.129
Oorgangsbepalings	.130 - .132
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.130
Wysigings aan die Standaarde van AERP	.131 - .132
Datum van inwerkingtrede	.133 - .134
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.133
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.134
Herroeping van die Standaard van AERP oor <i>Ontasbare Bates</i> (2006)	.135
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Intangible Assets</i> (Januarie 2010)	

ONTASBARE BATES

Hierdie Standaard is oorspronklik in Desember 2006 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit deur die volgende gewysig:

- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 21 *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*
 - AERP 23 *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)*
 - AERP 26 *Waardedaling van Kontantgenererende Bates*
 - AERP 103 *Erfenisbates*
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP, uitgegee deur die Raad in Maart 2012.
- Gevolglike wysigings na aanleiding van die hersiening van AERP 5 *Leenkoste* en AERP 100 *Gestaakte Bedrywighede* in 2013.
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in November 2013 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 105 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*
 - AERP 106 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*
- Gevolglike wysigings ná die wysigings aan die standaard van AERP oor *Beleggingseiendom en Eiendom, Aanleg en Toerusting* (2014) uitgegee op 26 Mei 2015.

'n Eksemplaar waarin die wysigings aangedui is wat aan AERP 17 aangebring is as deel die gevolglike wysigings aan die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom en Eiendom, Aanleg en Toerusting* (2014) is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, van die Raad op Rekeningkundige Standaard (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word in Standaard van AERP gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van *International Financial Reporting Standards* (IFRS'e) uitgegee deur die *International Accounting Standards Board*, goedgekeur as AERP:

- (a) openbare entiteite wat die kriteria uiteengesit in Lasgewing 12 oor *The Selection of an Appropriate Reporting Framework by Public Entities*; en
- (b) entiteite onder die eienaarskapsbeheer van enige van hierdie entiteite.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaard van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende vertolking wat in die toekoms uitgereik mag word, voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaard word in daardie Standaard duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates* word in paragraaf .01 tot .133 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellings daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings indien toepaslik, die *Voorwoord by Standaard van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaard van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgereik word en waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaard van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.



AERP 31

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard daarna uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doelstelling van hierdie Standaard is om die rekeningkundige hantering van ontasbare bates voor te skryf wat nie spesifiek in 'n ander Standaard van AERP hanteer word nie. Hierdie Standaard vereis dat 'n entiteit 'n ontasbare bate erken indien, en slegs indien, daar aan gespesifiseerde maatstawwe voldoen word. Die Standaard spesifiseer ook hoe om die drabedrag van ontasbare bates te meet, en vereis openbaarmakings oor ontasbare bates.

Omvang

- .02 *'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard by die in rekening bring van ontasbare bates toepas.*
- .03 *Hierdie Standaard moet toegepas word by die in rekening bring van ontasbare bates, met die uitsondering van:*
- (a) ontasbare bates wat binne die omvang van 'n ander Standaard van AERP val;*
 - (b) finansiële bates soos omskryf in die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente;*
 - (c) die erkenning en meting van eksplorasië- en evaluasiebates (kyk die International Financial Reporting Standard oor Exploration for and Evaluation of Mineral Resources);*
 - (d) uitgawes aan die ontwikkeling en ontginning van minerale, olie, aardgas en vergelykbare niehernubare hulpbronne;*
 - (e) bevoegdhede en regte wat deur wetgewing, 'n grondwet of gelykwaardige middele aan 'n entiteit oorgedra word;*
 - (f) uitgesteldebelaastingbates (kyk die International Financial Reporting Standard of Income Taxes);*
 - (g) uitgesteldeverkrygingskoste en ontasbare bates wat voortspruit uit 'n versekeraar se kontraktuele regte ingevolge versekeringskontrakte binne die omvang van die International Financial Reporting Standard on Insurance Contracts. In gevalle waar die International Financial Reporting Standard on Insurance Contracts nie spesifieke openbaarmakingsvereistes vir daardie ontasbare bates uiteensit nie, is die openbaarmakingsvereistes in hierdie Standaard van toepassing op daardie ontasbare bates;*
 - (h) erfenisbates soos omskryf in die Standaard van AERP oor Erfenisbates; en*

- (i) **die aanvanklike erkenning en aanvanklike meting van ontasbare bates wat verkry is in 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer (kyk die Standaard van AERP oor Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer) of 'n samesmelting (kyk die Standaard van AERP oor Samesmeltings).**

.04 Indien 'n ander Standaard van AERP die in rekening bring van 'n bepaalde soort ontasbare bate voorskryf, moet 'n entiteit daardie Standaard van AERP in plaas van hierdie Standaard toepas. Hierdie Standaard is byvoorbeeld nie van toepassing nie op:

- (a) ontasbare bates wat 'n entiteit in die gewone gang van bedrywighede vir verkoop hou (kyk die Standaard van AERP oor *Voorraad* en die Standaard van AERP oor *Konstruksiekontrakte*);
- (b) hure wat binne die omvang van die Standaard van AERP oor *Hure* is;
- (c) bates wat uit werknemersvoordele voortspruit (kyk die Standaard van AERP oor *Werknemersvoordele*);
- (d) finansiële bates soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*. Die erkenning en meting van sommige finansiële bates word gedek deur die Standaarde van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State*, *Beleggings in Geassosieerdes* en *Belange in Gesamentlike Ondernemings*; en
- (e) erfenisbates soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Erfenisbates*.

.05 Sommige ontasbare bates kan vervat wees in of op 'n fisiese stof soos 'n kompaskyf (in die geval van rekenaarprogrammatuur), regsdocumentasie (in die geval van 'n lisensie of patent) of film. Om vas te stel of 'n bate wat ontasbare sowel as tasbare elemente bevat, ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* of as 'n ontasbare bate ooreenkomstig hierdie Standaard hanteer moet word, moet 'n entiteit oordeel aan die dag lê om te bepaal watter element die belangrikste is. Die programmatuur van 'n navigasiestelsel in 'n vliegtuig is byvoorbeeld 'n wesenlike deel van die vliegtuig en word hanteer as eiendom, aanleg en toerusting. Dieselfde geld vir die bedryfstelsel van 'n rekenaar. Indien die programmatuur nie 'n integrerende deel van die betrokke apparatuur is nie, word rekenaarprogrammatuur as 'n ontasbare bate hanteer. Indien die apparatuur egter nie sonder spesifieke programmatuur kan funksioneer nie omdat dit 'n integrerende deel van die betrokke apparatuur is, moet beide as eiendom, aanleg en toerusting hanteer word.

.06 Hierdie Standaard is van toepassing op onder andere uitgawes aan reklame, opleiding, die begin van 'n onderneming, navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede. Navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede is gerig op die ontwikkeling van kennis. Hoewel hierdie aktiwiteite dus 'n bate in fisiese vorm (soos 'n prototipe) tot gevolg kan hê, is die fisiese element van die bate

ondergeskik aan die ontasbare komponent daarvan, d.w.s. die kennis wat daarin vergestalt is.

- .07 In die geval van 'n bruikhuur kan die onderliggende bate óf tasbaar óf ontasbaar wees. Na aanvanklike erkenning bring 'n huurder 'n ontasbare bate wat ooreenkomstig hierdie Standaard ooreenkomstig 'n bruikhuur gehou word, in rekening. Regte kragtens lisensie-ooreenkomste vir items soos rolprente, video-opnames, toneelstukke, manuskripte, patente en outeursregte word uitgesluit uit die omvang van die Standaard van AERP oor *Hure* en val binne die bestek van hierdie Standaard.
- .08 Uitsluitings uit die omvang van 'n Standaard kan voorkom indien aktiwiteite of transaksies so gespesialiseer is dat hulle aanleiding gee tot rekeningkundige vraagstukke wat op 'n ander manier hanteer moet word. Sodanige vraagstukke ontstaan by die in rekening bring van uitgawes aan die eksplorاسie vir, of ontwikkeling en ontginning van, olie, gas en mineraalneerslae in ontginningsbedrywe en in die geval van versekeringskontrakte. Derhalwe is hierdie Standaard nie op uitgawes aan sulke aktiwiteite en kontrakte van toepassing nie. Hierdie Standaard is egter van toepassing op ander ontasbare bates (soos rekenaarprogrammatuur) wat in ontginningsbedrywe of deur versekeraars gebruik word, en ander uitgawes wat deur hulle aangegaan word (soos aanvangskoste).
- .09 Entiteite kan 'n regulatoriese reg uitoefen oor bepaalde aktiwiteite, byvoorbeeld visvang, mynbou of bedrywe soos telekommunikasie en energie. Hierdie regulatoriese regte en die bevoegdheid om sodanige regte oor te dra, te lisensieer, te verhuur of uit te oefen is uit die omvang van hierdie Standaard uitgesluit aangesien hierdie bevoegdhede en regte deur wetgewing, 'n grondwet of op gelykwaardige wyse aan die entiteit verleen word. Sodra hierdie regte uitgereik is, is hulle gewoonlik 'n ontasbare bate van daardie individue of entiteite wat elke reg verkry het, mits die verkryger kan bewys dat daar aan die woordoms krywing en erkenningsmaatstawwe van 'n ontasbare bate voldoen is.
- .10 Insgelyks word 'n munisipaliteit se reg om belastinge te hef ingevolge wetgewing verleen. Die reg wat uit die wetgewing voortspruit, is uitgesluit uit die omvang van hierdie Standaard. Daar kan koste wees wat verband hou met die uitoefening van die reg wat verleen word ooreenkomstig die wetgewing, byvoorbeeld die opstel van 'n waardasielys om eiendomsbelasting te hef. Die beginsels in onder andere die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State* en ander toepaslike Standaarde van AERP moet toegepas word om koste wat aangegaan is om die wetlik verleende reg uit te oefen, in rekening te bring.

Woordomskrywings

.11 Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:

'n Aktiewe mark is 'n mark waarin al die volgende toestande bestaan:

- (a) die items wat op die mark verhandel word, is homogeen;***
- (b) gewillige kopers en verkopers kan gewoonlik op enige tydstip gevind word; en***
- (c) pryse is aan die publiek beskikbaar.***

Amortisasie is die sistematiese toedeling van die afskryfbare bedrag van 'n ontasbare bate oor die nutsduur daarvan.

Ontwikkeling is die toepassing van navorsingsbevindinge of ander kennis op 'n plan of ontwerp vir die produksie van nuwe of wesenlik verbeterde materiale, toestelle, produkte, prosesse, stelsels of dienste voor die aanvang van produksie of gebruik.

'n Ontasbare bate is 'n identifiseerbare niemonetêre bate wat nie fisies bestaan nie.

Navorsing is oorspronklike en beplande ondersoek wat onderneem word met die oog daarop om nuwe wetenskaplike of tegniese kennis en begrip te verkry.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis as in daardie ander Standaarde van AERPgebruik .

Ontasbare bates

.12 Entiteite bestee dikwels hulpbronne, of gaan verpligtinge aan, by die verkryging, ontwikkeling, instandhouding of vermeerdering van ontasbare hulpbronne soos wetenskaplike of tegniese kennis, ontwerp en implementering van nuwe prosesse of stelsels, lisensies, intellektuele eiendom en handelsmerke (met inbegrip van handelsname en publikasietitels). Algemene voorbeelde van items wat deur hierdie breë indelings omvat word, is rekenaarprogrammatuur, patente, outeursregte, rolprente, kliëntelyste, verkrygte visvanglisensies, verkrygte invoerkwotas en kliëntebetrekkings.

.13 Nie al die items wat in paragraaf .12 beskryf word, voldoen aan die omskrywing van 'n ontasbare bate, d.w.s. identifiseerbaarheid, beheer oor 'n hulpbron en bestaan van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal nie. Indien 'n item binne die omvang van hierdie Standaard nie voldoen aan die omskrywing van 'n ontasbare bate nie, word uitgewas om dit intern te verkry of te genereer as

'n uitgawe erken wanneer dit aangegaan word.

Identifiseerbaarheid

.14 'n Bate is identifiseerbaar indien dit:

- (a) óf skeibaar is, d.w.s. dit geskei of afgedeel kan word van die entiteit en verkoop, oorgedra, gelisensieer, verhuur of geruil kan word, hetsy individueel of tesame met 'n verbandhoudende kontrak, bate of las, ongeag of die entiteit bedoel om dit te doen;**
- (b) óf voortspruit uit bindende reëlins (met inbegrip van regte uit kontrakte) ongeag of daardie regte oordraagbaar is of van die entiteit of van ander regte en verpligtinge geskei kan word.**

.15 Vir die doel van hierdie Standaard beskryf 'n bindende reëling 'n reëling wat vergelykbare regte en verpligtinge aan die partye oordra asof dit die vorm van 'n kontrak aangeneem het.

Beheer oor 'n bate

- .16 'n Entiteit beheer 'n bate indien die entiteit die bevoegdheid het om die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal te bekom wat uit die onderliggende hulpbron voortspruit en die toegang van ander partye tot daardie voordele of dienspotensiaal te beperk. Die kapasiteit van 'n entiteit om die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van 'n ontasbare bate te beheer, kan normaalweg voortspruit uit wettige aansprake wat in 'n geregshof afdwingbaar is, of regte kragtens bindende reëlins wat afdwingbaar is deur entiteite wat partye by die reëling is. By die afwesigheid van wettige aansprake is dit moeiliker om beheer aan te toon. Wetlike afdwingbaarheid van 'n reg is egter nie 'n noodsaaklike voorwaarde vir beheer nie, omdat 'n entiteit in staat kan wees om die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal op 'n ander manier te beheer.**
- .17 Wetenskaplike en tegniese kennis kan aanleiding gee tot toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal. 'n Entiteit beheer daardie voordele of daardie dienspotensiaal indien die kennis byvoorbeeld beskerm word deur wettige aansprake soos outeursregte, 'n handelsbeperkingsooreenkoms (waar toelaatbaar) of deur 'n wetlike plig op werknemers om vertroulikheid te handhaaf.**
- .18 'n Entiteit kan 'n span opgeleide personeel hê en kan in staat wees om inkrementele personeelvaardighede wat tot toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit opleiding lei, te identifiseer. Die entiteit kan ook verwag dat die personeel sal voortgaan om hul vaardighede aan die entiteit beskikbaar te stel. 'n Entiteit het gewoonlik egter onvoldoende beheer oor die verwagte toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat voortspruit uit 'n span opgeleide personeel en uit die opleiding wat vir hierdie items nodig is om aan die**

omskrywing van 'n ontasbare bate te voldoen. Om 'n soortgelyke rede is dit onwaarskynlik dat spesifieke bestuur of tegniese talent sal voldoen aan die omskrywing van 'n ontasbare bate, tensy dit beskerm word deur wettige aansprake om dit te gebruik en die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat daarvan verwag word te bekom, en dit ook aan die ander dele van die omskrywing voldoen.

- .19 'n Entiteit kan 'n portefeulje kliënte hê en verwag dat, vanweë sy pogings om kliëntebetrekkings en lojaliteit te kweek, die kliënte hulle bande met die entiteit sal wil behou. By die afwesigheid van wettige aansprake of ander maniere om die betrekkings met kliënte of die lojaliteit van die kliënte aan die entiteit te beskerm of te beheer, het die entiteit egter gewoonlik onvoldoende beheer oor die verwagte ekonomiese voordele of dienspotensiaal van kliëntebetrekkings en lojaliteit vir sodanige items (bv. portefeulje van kliënte, kliëntebetrekkings en kliëntelojaliteit) om te voldoen aan die omskrywing van ontasbare bates. By die afwesigheid van wettige aansprake om kliëntebetrekkings te beskerm, lewer uitruiltransaksies vir dieselfde of vergelykbare niekontraktuele kliëntebetrekkings (buiten as deel van 'n oordrag van funksies of 'n samesmelting) bewyse dat die entiteit nietemin in staat is om die verwagte ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat uit die kliëntebetrekkings voortspruit, te beheer. Omdat sodanige uitruiltransaksies ook bewyse lewer dat die kliëntebetrekkings skeibaar is, voldoen daardie kliëntebetrekkings aan die omskrywing van 'n ontasbare bate.

Toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal

- .20 Die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat uit 'n ontasbare bate voortspruit, kan inkomste uit die verkoop van produkte of dienste, kostebesparings of ander voordele uit die gebruik van die bate deur die entiteit insluit. Die gebruik van intellektuele eiendom in 'n produksie- of diensproses kan byvoorbeeld toekomstige produksie- of dienskosse verminder of dienslewering verbeter eerder as om toekomstige inkomste te vermeerder (bv. 'n aanlyn stelsel wat burgers in staat stel om bestuurderslisensies vinniger te henu, met 'n gevolglike vermindering in kantoorpersoneel om hierdie funksie te verrig en toename in die verwerkingspoed).

Erkenning en meting

- .21 Die erkenning van 'n item as 'n ontasbare bate vereis dat 'n entiteit aantoon dat die item aan die volgende voldoen:

- (a) die omskrywing van 'n ontasbare bate (kyk paragraaf .12 tot .20); en
- (b) die erkenningsmaatstawwe (kyk paragraaf .23 tot .26).

Hierdie vereiste is van toepassing op koste wat gemeet word by erkenning (die koste in 'n uitruiltransaksie of om 'n ontasbare bate intern te genereer, of die billike waarde van 'n ontasbare bate wat deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry word), en dié

wat daarna aangegaan word om by te voeg daarby, deel daarvan te vervang of dit te versien.

- .22 Die aard van ontasbare bates is sodanig dat daar in baie gevalle geen toevoegings tot so 'n bate of vervanging van 'n deel daarvan is nie. Gevolglik sal die meeste daaropvolgende uitgawes waarskynlik die verwagte toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal handhaaf wat in 'n bestaande ontasbare bate vergestalt is eerder as om aan die omskrywing van 'n ontasbare bate en die erkenningsmaatstawwe in hierdie Standaard te voldoen. Daarbenewens is dit dikwels moeilik om latere uitgawes regstreeks aan 'n bepaalde ontasbare bate eerder as aan die entiteit se bedrywighede in die geheel toe te skryf. Derhalwe sal latere uitgawes — uitgawes aangegaan ná die aanvanklike erkenning van 'n verkrygte ontasbare bate of ná voltooiing van 'n intern gegenereerde ontasbare bate — selde in die drabedrag van 'n bate erken word. In ooreenstemming met paragraaf .59 word latere uitgawes aan handelsmerke, gewelname, publikasietitels, kliëntelyste en items wat in wese vergelykbaar is (hetsy ekstern verkry of intern gegenereer), altyd in surplus of tekort erken namate dit aangegaan word. Dit is omdat sodanige uitgawes nie onderskei kan word van uitgawes om die bedrywigheid in die geheel te ontwikkel nie.
- .23 ***'n Ontasbare bate moet erken word indien, en slegs indien:***
- (a) ***dit waarskynlik is dat die verwagte toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal geassosieer met die bate na die entiteit sal vloei; en***
 - (b) ***die koste of billike waarde van die bate betroubaar gemeet kan word.***
- .24 ***'n Entiteit moet die waarskynlikheid van verwagte toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal bepaal met gebruik van redelike en ondersteunbare aannames wat die bestuur se beste raming van die stel ekonomiese toestande verteenwoordig wat oor die nutsduur van die bate sal voorkom.***
- .25 'n Entiteit maak van oordeel gebruik om die mate van sekerheid te bepaal wat verbonde is aan die vloei van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat toeskryfbaar is aan die gebruik van die bate op grond van die beskikbare bewyse ten tyde van aanvanklike erkenning, en verleen daardeur groter gewig aan eksterne getuienis.
- .26 'n Onderskeid tussen die koste wat aangegaan word in die verkryging, ontwikkeling en konstruksie van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem, en die ontasbare bate wat met die eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem geassosieer word, moet getref word wanneer die tasbare sowel as die ontasbare bate erken en gemeet word. 'n Ontasbare bate moet slegs erken word indien daar aan die vereistes in paragraaf .23 voldoen is. 'n Lughawe kan byvoorbeeld in die reël onderskei word van die landingsregte wat daarmee verband hou. Indien die landingsregte voldoen aan die maatstawwe wat in paragraaf .23 aangetoon word,

moet die landingsregte as 'n ontasbare bate erken word. Die erkenningsmaatstawwe in die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* moet op die erkenning van die lughawegebou en ander infrastruktuurbates toegepas word.

- .27 'n Ontasbare bate moet ooreenkomstig paragraaf .28 tot .39 aanvanklik teen kosprys gemeet word. Indien 'n ontasbare bate deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie verkry word, moet die aanvanklike koste daarvan op die verkrygingsdatum teen die billike waarde daarvan soos op daardie datum gemeet word.**

Afsonderlike verkryging

- .28 Normaalweg sal die prys wat 'n entiteit betaal om 'n ontasbare bate afsonderlik te verkry, verwagtinge weerspieël oor die waarskynlikheid dat die verwagte toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal vergestalt in die bate na die entiteit sal vloei. Die entiteit verwag met ander woorde dat daar 'n invloed van ekonomiese voordele of dienspotensiaal sal wees, selfs as daar onsekerheid is oor die tydsberekening of bedrag van die invloed. Derhalwe word daar altyd in die geval van afsonderlik verkrygte ontasbare bates die waarskynlikheid aanvaar dat daar aan die erkenningsmaatstaf in paragraaf .23(a) voldoen is.
- .29 Daarbenewens kan die koste van 'n afsonderlik verkrygte ontasbare bate gewoonlik betroubaar gemeet word. Dit is veral die geval indien die koopteenprestasie die vorm van kontant of ander monetêre bates aanneem.
- .30 Die koste van 'n afsonderlik verkrygte ontasbare bate behels:
- (a) die koopprys daarvan, met inbegrip van invoerregte en nieterugbetaalbare aankoopbelasting, ná aftrekking van handelsdiskonto's en kortings; en
 - (b) enige regstreeks toeskryfbare koste van voorbereiding van die bate vir die beoogde gebruik daarvan.
- .31 Voorbeelde van regstreeks toeskryfbare koste is:
- (a) die koste van werknemersvoordele (soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Werknemersvoordele*) wat regstreeks daaruit voortspruit om die bate in 'n werkende toestand te kry;
 - (b) professionele gelde wat regstreeks daaruit voortspruit om die bate in 'n werkende toestand te kry; en
 - (c) die koste van toetsing of die bate behoorlik funksioneer.
- .32 Voorbeelde van uitgawes wat nie deel is van die koste van 'n ontasbare bate nie, is:
- (a) die koste van bekendstelling van 'n nuwe produk of diens (met inbegrip van

- die koste van advertering en promosieaktiwiteite);
- (b) die koste van die bedryf van 'n onderneming in 'n nuwe ligging of met 'n nuwe klas van klandisie (met inbegrip van die koste van personeelopleiding); en
 - (c) administrasie- en ander algemene bokoste.
- .33 Die erkenning van koste in die drabedrag van 'n ontasbare bate loop ten einde wanneer die bate in die toestand is wat dit moontlik maak om dit te bedryf soos wat die bedoeling van bestuur daarmee is. Derhalwe word koste wat vir die gebruik of herontplooiing van 'n ontasbare bate aangegaan is, nie in die drabedrag van daardie bate ingesluit nie. Die volgende koste word byvoorbeeld nie in die drabedrag van 'n ontasbare bate ingesluit nie:
- (a) koste wat aangegaan is terwyl 'n bate wat bedryf kan word soos wat die bedoeling van die bestuur daarmee is, nog in gebruik gestel moet word; en
 - (b) aanvanklike bedryfsverliese, soos dié wat aangegaan word terwyl die vraag na die bate se produksie besig is om op te bou.
- .34 Sommige bedrywighede vind plaas in verband met die ontwikkeling van 'n ontasbare bate, maar is nie nodig om die bate te bring tot die toestand wat nodig is om dit te kan bedryf soos wat die bedoeling van bestuur daarmee is nie. Hierdie bykomstige bedrywighede kan voorkom vóór of tydens die ontwikkelingsbedrywighede. Omdat bykomstige bedrywighede nie nodig is om 'n bate te bring tot die toestand wat nodig is om dit te kan bedryf soos wat die bedoeling van die bestuur daarmee is nie, word die inkomste en verwante uitgawes ten opsigte van bykomstige bedrywighede onmiddellik in surplus of tekort erken en in hul onderskeie klassifikasies van inkomste en uitgawes ingesluit.
- .35 Indien betaling vir 'n ontasbare bate vir langer as normale krediettermyne uitgestel word, is die kosprys daarvan die kontantprysekwivalent. Die verskil tussen hierdie bedrag en die totale betalings word as rente-uitgawes oor die krediettermyn erken, tensy dit gekapitaliseer word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Leenkoste*.

Latere uitgawes aan 'n verkrygte navorsings- en ontwikkelingsprojek in proses

- .36 ***Navorsings- of ontwikkelingsuitgawes wat:***
- (a) betrekking het op 'n navorsings- en ontwikkelingsprojek in proses wat afsonderlik verkry is en as 'n ontasbare bate erken word; en***
 - (b) aangegaan word ná die verkryging van daardie projek, moet ooreenkomstig paragraaf .49 tot .58 in rekening gebring word.***
- .37 Toepassing van die vereistes in paragraaf .49 tot .58 beteken dat latere uitgawes

aan 'n navorsings- en ontwikkelingsprojek in proses wat afsonderlik verkry is en as 'n ontasbare bate erken word:

- (a) as 'n uitgawe erken word wanneer dit aangegaan word indien dit navorsinguitgawes is;
- (b) as 'n uitgawe erken word wanneer dit aangegaan word indien dit ontwikkelingsuitgawes is wat nie aan die maatstawwe vir erkenning as 'n ontasbare bate in paragraaf .52 voldoen nie; en
- (c) bygevoeg word by die drabedrag van die verkrygte navorsings- en ontwikkelingsprojek in proses indien dit ontwikkelingsuitgawes is wat aan die erkenningsmaatstawwe in paragraaf .52 voldoen.

Ontasbare bates wat deur nie-uitruiltransaksies verkry word

- .38 In sommige gevalle kan 'n ontasbare bate deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry word. Dit kan gebeur wanneer 'n ander openbaresektorentiteit in 'n nie-uitruiltransaksie ontasbare bates soos lughawelandingsregte, lisensies om radio- of televisiestasies te bedryf, invoerlisensies of kwotas of regte om toegang tot beperkte hulpbronne te verkry, aan 'n entiteit oordra. 'n Private burger, byvoorbeeld 'n Nobelpryswenner, kan byvoorbeeld sy of haar persoonlike dokumente, met inbegrip van outeursreg op sy of haar publikasies, in 'n nie-uitruiltransaksie aan die nasionale argief nalaat.
- .39 Indien betaling vir 'n ontasbare bate vir langer as die normale krediettermyn uitgestel word, is die kosprys daarvan die kontantprysekwivalent. Die verskil tussen hierdie bedrag en die totale betalings word as rente-uitgawes oor die krediettermyn erken, tensy dit gekapitaliseer word ooreenkomstig die toegelate alternatiewe behandeling in die Standaard van AERP oor *Leenkoste*.

Verkryging as deel van 'n oordrag van funksies

- .40 Indien 'n ontasbare bate ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie* in 'n oordrag van funksies verkry word, is die koste van daardie ontasbare bate die billike waarde daarvan op die verkrygingsdatum. Die billike waarde van die ontasbare bate sal verwagtinge weerspieël oor die waarskynlikheid dat die verwagte toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal vergestalt in die bate na die entiteit sal vloei. Die entiteit verwag met ander woorde dat daar 'n invloed van ekonomiese voordele of dienspotensiaal sal wees, selfs as daar onsekerheid is oor die tydsberekening of bedrag van die invloed. Derhalwe word in die geval van 'n ontasbare bate wat in 'n oordrag van funksies verkry is, altyd die waarskynlikheid aanvaar dat daar aan die erkenningsmaatstaf in paragraaf .23(a) voldoen is. Indien 'n bate wat in 'n oordrag van funksies verkry is, skeibaar is of uit kontraktuele regte (met inbegrip van regte wat uit bindende reëlins voortspuit) of ander wettige aansprake voortspuit (met die uitsondering van regte wat deur

wetgewing verleen is), bestaan daar voldoende inligting om die billike waarde van die bate betroubaar te meet. In die geval van ontasbare bates wat in 'n oordrag van funksies verkry is, word dus altyd aanvaar dat daar aan die betroubaremetingsmaatstaf in paragraaf .23(b) voldoen is.

Uitruiling van bates

- .41 Een of meer ontasbare bates kan verkry word in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates. Die volgende bespreking verwys gewoon na 'n uitruiling van een niemonetêre bate vir 'n ander, maar dit geld ook vir alle uitruilings wat in die vorige sin beskryf is. Die koste van sodanige ontasbare bate word teen billike waarde gemeet, tensy die billike waarde van nóg die bate wat ontvang word nóg die bate wat prysgegee word, betroubaar gemeet kan word. Die verkrygte item word op hierdie manier gemeet, selfs as 'n entiteit nie die bate wat prysgegee word, onmiddellik kan onderken nie. Indien die verkrygte item nie teen billike waarde gemeet word nie, word die koste daarvan gemeet teen die drabedrag van die bate wat prysgegee word. Indien die billike transaksie in wese 'n nie-uitruiltransaksie is, moet dit erken word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)*.
- .42 Paragraaf .23(b) spesifiseer dat dit 'n voorwaarde vir die erkenning van 'n ontasbare bate is dat die koste of billike waarde van die bate betroubaar gemeet moet kan word. Die billike waarde van 'n ontasbare bate waarvoor vergelykbare marktransaksies nie bestaan nie, is betroubaar meetbaar indien:
- (a) die veranderlikheid in die reeks redelike billikewaarde-ramings vir daardie bate nie beduidend is nie; of
 - (b) die waarskynlikhede van die onderskeie ramings binne die reeks redelik geëvalueer en in die raming van billike waarde gebruik kan word. Indien 'n entiteit in staat is om die billike waarde van óf die bate wat ontvang word óf die bate wat prysgegee word, betroubaar vas te stel, word die billike waarde van die bate wat prysgegee word, gebruik om koste te meet, tensy die billike waarde van die bate wat ontvang word, duideliker blyk te wees.

Intern gegenereerde klandisiewaarde

- .43 ***Intern gegenereerde klandisiewaarde moenie as 'n bate erken word nie.***
- .44 In sommige gevalle word uitgawes aangegaan om toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal te genereer, maar dit het nie die skepping van 'n ontasbare bate tot gevolg wat aan die erkenningsmaatstawwe in hierdie Standaard voldoen nie. Sodanige uitgawes word dikwels beskryf as bydraend tot intern gegenereerde klandisiewaarde. Intern gegenereerde klandisiewaarde word

nie as 'n bate erken nie, omdat dit nie 'n identifiseerbare hulpbron is (d.w.s. dit is nie skeibaar nie en spruit ook nie voort uit bindende reëlings, met inbegrip van regte uit kontrakte nie) wat deur die entiteit beheer word en betroubaar teen kosprys gemeet kan word nie.

- .45 Verskille tussen die markwaarde van 'n entiteit en die drabedrag van die identifiseerbare netto bates daarvan op enige tydstip kan 'n reeks faktore meebring wat die waarde van die entiteit weergee. Sodanige verskille verteenwoordig egter nie die koste van ontasbare bates wat deur die entiteit beheer word nie.

Intern gegenereerde ontasbare bates

- .46 Dit is soms moeilik om te bepaal of 'n intern gegenereerde ontasbare bate vir erkenning kwalifiseer vanweë probleme met:
- (a) die identifisering of en wanneer daar 'n identifiseerbare bate is wat verwagte toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal sal genereer; en
 - (b) die betroubare vasstelling van die koste van die bate. In sommige gevalle kan die koste van die generering van 'n ontasbare bate intern nie onderskei word van die koste van instandhouding of verbetering van die entiteit se intern gegenereerde klandisiewaarde of van die bedryf van daaglikse bedrywighede nie.

Benewens voldoening aan die algemene vereistes vir die erkenning en aanvanklike meting van 'n ontasbare bate, pas 'n entiteit derhalwe die vereistes en riglyne in paragraaf .47 tot .65 op alle intern gegenereerde ontasbare bates toe.

- .47 Om te bepaal of 'n intern gegenereerde ontasbare bate aan die maatstawwe vir erkenning voldoen, klassifiseer 'n entiteit die generering van die bate in:
- (a) 'n navorsingsfase; en
 - (b) 'n ontwikkelingsfase.

Hoewel die terme 'navorsing' en 'ontwikkeling' omskryf is, het die terme 'navorsingsfase' en 'ontwikkelingsfase' 'n breër betekenis vir die doel van hierdie Standaard.

- .48 As 'n entiteit nie die navorsingsfase van 'n interne projek om 'n ontasbare bate tot stand te bring van die ontwikkelingsfase daarvan kan onderskei nie, hanteer die entiteit die uitgawes aan daardie projek asof dit slegs in die navorsingsfase aangegaan is.

Navorsingsfase

- .49 *Geen ontasbare bate wat uit navorsing (of uit die navorsingsfase van 'n interne projek) voortspruit, moet erken word nie. Uitgawes aan navorsing (of***

aan die navorsingsfase van 'n interne projek) moet as 'n uitgawe erken word wanneer dit aangegaan word.

- .50 In die navorsingsfase van 'n interne projek kan 'n entiteit nie aantoon dat daar 'n ontasbare bate bestaan wat waarskynlike toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal sal genereer nie. Derhalwe word hierdie uitgawes as 'n uitgawe erken wanneer dit aangegaan word.
- .51 Voorbeelde van navorsingsaktiwiteite is:
- (a) aktiwiteite gerig op die verkryging van nuwe kennis;
 - (b) die soeke na, evaluering en finale seleksie van toepassings of navorsingsbevindings of ander kennis;
 - (c) die soeke na alternatiewe vir materiaal, toestelle, produkte, prosesse, stelsels of dienste; en
 - (d) die formulering, ontwerp, evaluering en finale seleksie van moontlike alternatiewe vir nuwe of verbeterde materiaal, toestelle, produkte, prosesse, stelsels of dienste.

Ontwikkelingsfase

- .52 ***'n Ontasbare bate wat uit ontwikkeling (of uit die ontwikkelingsfase van 'n interne projek) voortspruit, moet erken word indien, en slegs indien, 'n entiteit al die volgende kan aantoon:***
- (a) ***die tegniese lewensvatbaarheid van die voltooiing van die ontasbare bate sodat dit beskikbaar sal wees vir gebruik of verkoop;***
 - (b) ***sy bedoeling om die ontasbare bate te voltooi en dit te gebruik of te verkoop;***
 - (c) ***sy vermoë om die ontasbare bate te gebruik of te verkoop;***
 - (d) ***die manier waarop die ontasbare bate waarskynlike ekonomiese voordele of dienspotensiaal sal genereer. Die entiteit kan onder andere die bestaan van 'n mark vir die produksie van die ontasbare bate of die ontasbare bate self aantoon of, indien dit intern gebruik moet word, die nuttigheid van die ontasbare bate;***
 - (e) ***die beskikbaarheid van toereikende tegniese, finansiële en ander hulpbronne om die ontwikkeling te voltooi en om die ontasbare bate te gebruik of te verkoop; en***
 - (f) ***die vermoë om die uitgawes toeskryfbaar aan die ontasbare bate gedurende die ontwikkeling daarvan betroubaar te meet.***
- .53 In die ontwikkelingsfase van 'n interne projek kan 'n entiteit in sommige gevalle 'n ontasbare bate identifiseer en aantoon dat die bate waarskynlike toekomstige

AERP 31

ekonomiese voordele of dienspotensiaal sal genereer. Dit is omdat die ontwikkelingsfase van 'n projek verder gevorder is as die navorsingsfase.

- .54 Voorbeelde van ontwikkelingsbedrywighede is:
- (a) die ontwerp, konstruksie en toetsing van voorproduksie- of voorgebruikprototipes en -modelle;
 - (b) die ontwerp van gereedskap, setapparate, gietvorms en stempels waarby nuwe tegnologie betrokke is;
 - (c) die ontwerp, konstruksie en werking van 'n loodsaanleg wat nie van 'n omvang is wat ekonomies haalbaar vir produksie of gebruik in die verskaffing van dienste is nie;
 - (d) die ontwerp, konstruksie en toetsing van 'n gekose alternatief vir nuwe of verbeterde materiaal, middele, produkte, prosesse, stelsels of dienste; en
 - (e) bepaalde webtuiste- en programmatuurkoste.
- .55 'n Voorbeeld van navorsings- en ontwikkelingskoste is waar die departement van verdediging navorsing oor 'n wapenstelsel onderneem en dit daarna ontwikkel. Navorsingskoste behels koste wat aangegaan word om alternatiewe stelsels te evalueer, die formulering van 'n voorgestelde stelsel, asook die ontwerp en finalisering van 'n moontlike stelsel. Ontwikkelingskoste behels die werklike ontwerp, toetsing en ontwikkeling van 'n bepaalde wapenstelsel. Koste word erken vanaf die punt waarop daar vasgestel word dat ontwikkeling geslaag sal wees.
- .56 Om aan te toon hoe 'n ontasbare bate waarskynlik toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal sal genereer, bepaal 'n entiteit die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat uit die bate ontvang moet word met gebruik van die beginsels in die Standaarde van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates of Waardedaling van Niekontantgenererende Bates, soos toepaslik*. Indien die bate ekonomiese voordele slegs gesamentlik met ander bates sal genereer, pas die entiteit die konsep van kontantgenererende eenhede in die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates toe*.
- .57 Besikbaarheid van hulpbronne om 'n ontasbare bate te voltooi, te gebruik en die voordele daarvan te verkry kan gedemonstreer word deur byvoorbeeld 'n bedryfsplan wat die tegniese, finansiële en ander hulpbronne aantoon wat nodig is, asook die entiteit se vermoë om daardie hulpbronne te bekom. In sommige gevalle toon 'n entiteit die beskikbaarheid van eksterne finansies aan deur die verkryging van 'n uitlener of 'n befondser se aanduiding van bereidwilligheid om die plan te finansier.
- .58 'n Entiteit se kosteberekeningstelsels kan dikwels die koste van die generering van 'n ontasbare bate, soos salarisse en ander uitgawes aangegaan in die

beveiliging van logo's, outeursregte of lisensies, of die ontwikkeling van rekenaarprogrammatuur, betroubaar intern meet.

.59 *Intern gegenereerde handelsmerke, gewelname, publikasietitels, kliëntelyste en items wat in wese soortgelyk is, moet nie as ontasbare bates erken word nie.*

.60 Uitgawes aan intern gegenereerde handelsmerke, gewelname, publikasietitels, kliëntelyste en items wat in wese vergelykbaar is, kan nie onderskei word van die koste van ontwikkeling van die entiteit se bedrywigheid in die geheel nie. Derhalwe word sodanige items nie as ontasbare bates erken nie.

.61 'n Munisipaliteit ontwikkel byvoorbeeld 'n databasis van grondeienaars wat gebruik sal word om vas te stel wie die eiendom binne die munisipaliteit se jurisdiksie besit. Die databasis sal die munisipaliteit behulpsaam wees met die identifisering van spesifieke gebiede waar dienste nodig is of verbeter kan word. Die uitgawes aangegaan gedurende die ontwikkeling van die databasis kan nie onderskei word van die koste wat deur die munisipaliteit aangegaan word om te voldoen aan sy statutêre verpligtinge om dienste aan die gemeenskap te lewer nie. Die ontwikkeling van die databasis van grondeienaars voldoen aan die vereiste van die statuut. Sodanige koste moet ooreenkomstig paragraaf .59 as 'n uitgawe eerder as 'n ontasbare bate erken word.

.62 Nog 'n voorbeeld is waar die Departement van Verdediging die kuslyn en seebodem rondom die Suid-Afrikaanse kus karteer. Die inligting wat so verkry word, kan deur die Departement gebruik word om 'n beter en doeltreffer diens te lewer. Die koste verbonde aan die ontwikkeling en opstel van hierdie kaarte moet as 'n uitgawe eerder as 'n ontasbare bate erken word. Eksemplare van hierdie kaarte kan egter ook deur die Departement te koop aangebied word, in welke geval die Standaard van AERP oor *Voorraad* toegepas moet word.

Koste van 'n intern gegenereerde ontasbare bate

.63 Die koste van 'n intern gegenereerde ontasbare bate vir die doel van paragraaf .27 is die som van uitgawes aangegaan van die datum waarop die ontasbare bate die eerste keer aan die erkenningsmaatstawwe in paragraaf .23, .24 en .52 voldoen. Paragraaf .70 verbied die herstel van uitgawes wat voorheen as 'n uitgawe erken is.

.64 Die koste van 'n intern gegenereerde ontasbare bate behels alle regstreeks toeskryfbare koste wat nodig is om die bate tot stand te bring, te produseer en voor te berei om in staat te wees om bedryf te word op die manier wat die bestuur dit bedoel het. Voorbeelde van regstreeks toeskryfbare koste is:

(a) koste van materiaal en dienste wat aangewend of verbruik word in die generering van die ontasbare bate;

AERP 31

- (b) koste van werknemersvoordele (soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Werknemersvoordele*) wat uit die generering van die ontasbare bate voortspruit;
- (c) gelde om 'n wetlike reg te registreer; en
- (d) amortisasie van patente en lisensies wat gebruik word om die ontasbare bate te genereer.

Die Standaard van AERP oor *Leenkoste* spesifiseer maatstawwe vir die erkenning van rente as 'n element van die koste van 'n bate wat 'n kwalifiserende bate is.

- .65 Die volgende is nie komponente van die koste van 'n intern gegenereerde ontasbare bate nie:
- (a) verkoops-, administratiewe en ander algemene bokoste, tensy daardie uitgawes regstreeks toegeskryf kan word aan die voorbereiding van die bate vir gebruik;
 - (b) geïdentifiseerde ondoeltreffendhede en aanvanklike bedryfsverliese wat aangegaan word voordat die bate die beplande werkverrigting bereik; en
 - (c) uitgawes aan die opleiding van personeel om die bate te bedryf.

Voorbeeld wat paragraaf .63 verder toelig

'n Entiteit het 'n nuwe stelsel ontwikkel om hofsake doeltrefferder te skeduleer, wat verhoogde dienslewering tot gevolg sal hê. Gedurende die boekjaar wat in Maart 20X6 ten einde geloop het, was die uitgawes wat vir die ontwikkeling van die stelsel aangegaan is, R1 000, waarvan R900 voor 1 Maart 20X6 aangegaan is en R100 tussen 1 Maart 20X6 en 31 Maart 20X6 aangegaan is. Die entiteit is in staat om aan te toon dat, soos op 1 Maart 20X6, die nuut ontwikkelde stelsel voldoen het aan die maatstawwe vir erkenning as 'n ontasbare bate. Die verhaalbare diensbedrag van die stelsel (met inbegrip van toekomstige kontantuitvloei om die ontwikkeling te voltooi voordat dit vir gebruik beskikbaar is) word op R500 geraam.

Aan die einde van die boekjaar word die ontwikkelde stelsel as 'n ontasbare bate teen 'n koste van R100 erken (uitgawes aangegaan sedert die datum waarop daar aan die erkenningsmaatstawwe voldoen is, d.w.s. 1 Maart 20X6). Die uitgawe van R900 wat voor 1 Maart 20X6 aangegaan is, word as 'n uitgawe erken omdat daar nie voor 1 Maart 20X6 aan die erkenningsmaatstawwe voldoen is nie. Hierdie uitgawe maak nie deel uit van die koste van die stelsel wat in die staat van finansiële stand erken word nie.

Gedurende die boekjaar geëindig 31 Maart 20X7 is uitgawes van R2 000 aangegaan. Aan die einde van daardie boekjaar word die verhaalbare diensbedrag van die stelsel (met inbegrip van toekomstige kontantuitvloei om die

stelsel te voltooi voordat dit vir gebruik beskikbaar is) geraam op R1 900.

Aan die einde van die 20X7-boekjaar was die koste van die ontwikkelde stelsel R2 100 (R100 uitgawes erken aan die einde van 20X6 plus uitgawes van R2 000 erken in die 20X6-boekjaar). Die entiteit erken 'n waardedalingsverlies van R200 om die drabedrag van die ontwikkelde stelsel aan te pas voor die waardedalingsverlies (R2 100) van die verhaalbare diensbedrag daarvan (R1 900). Hierdie waardedalingsverlies sal in 'n latere tydperk omgeswaai word indien daar aan die vereistes vir die omswaaiing van 'n waardedalingsverlies in die Standaard van AERP oor Waardedaling van Niekontantgenererende Bates voldoen word.

Erkenning van 'n uitgawe

.66 *Uitgawes aan 'n ontasbare item moet as 'n uitgawe erken word wanneer dit aangegaan word, tensy dit deel uitmaak van die koste van 'n ontasbare bate wat aan die erkenningsmaatstawwe voldoen (kyk paragraaf .21 tot .65).*

.67 In sommige gevalle word uitgawes aangegaan om toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal aan 'n entiteit te verskaf, maar geen ontasbare bate of ander bate word verkry of tot stand gebring wat erken kan word nie. In die geval van die verskaffing van goedere erken daardie entiteit sodanige uitgawes as 'n uitgawe wanneer die entiteit 'n reg van toegang tot daardie goedere het. In die geval van die verskaffing van dienste erken die entiteit die uitgawes as 'n uitgawe wanneer die dienste ontvang word. Die uitgawes aan navorsing word byvoorbeeld as 'n uitgawe erken wanneer dit aangegaan word (kyk paragraaf .49). Ander voorbeelde van uitgawes wat as 'n uitgawe erken word wanneer dit aangegaan word, sluit uitgawes in vir:

- (a) besigheidsaanvangsaktiwiteite (d.w.s. aanvangskoste), tensy hierdie uitgawes ingesluit word in die kosprys van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingstelsel ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting*. Aanvangskoste kan bestaan uit totstandbrengingskoste soos regs- en sekretariële koste wat aangegaan word by die totstandbrenging van 'n regsentiteit, uitgawes om 'n nuwe fasiliteit of bedrywigheid te open (d.w.s. vooropeningskoste) of uitgawes vir die begin van nuwe bedrywigheide of die bekendstelling van nuwe produkte of prosesse (d.w.s. voorbedryfskoste);
- (b) opleidingsaktiwiteite;
- (c) reklame- en promosieaktiwiteite (met inbegrip van voubiljette, bakers, T-hemde of pette en inligtingspamflette); en
- (d) hervestiging of herorganisering van 'n gedeelte van of die hele entiteit.

.68 'n Entiteit het 'n reg van toegang tot goedere wanneer hy dit besit. Insgelyks het hy 'n reg van toegang tot goedere wanneer dit deur 'n verskaffer saamgestel is

ooreenkomstig die bepalings van 'n verskaffingskontrak en die entiteit aandrings op die lewering daarvan in ruil vir betaling. Dienste word ontvang wanneer dit deur 'n verskaffer gelewer word ooreenkomstig 'n kontrak om dit aan die entiteit te lewer en nie wanneer die entiteit dit gebruik om 'n ander diens te lewer nie (byvoorbeeld om inligting oor 'n diens aan gebruikers van daardie diens te verskaf).

- .69 Paragraaf .66 verhoinder 'n entiteit nie om 'n vooruitbetaling as 'n bate te erken wanneer betaling vir die goedere vooruit gedoen is voordat die entiteit 'n reg van toegang tot daardie goedere verkry het nie. Insgelyks verhoinder paragraaf .66 'n entiteit nie om 'n vooruitbetaling as 'n bate te erken wanneer betaling vir dienste vooruit gedoen is voordat die entiteit daardie dienste ontvang het nie.

Vorige uitgawes moet nie as 'n bate erken word nie

- .70 *Uitgawes aan 'n ontasbare item wat aanvanklik ooreenkomstig hierdie Standaard as 'n uitgawe erken is, moet nie op 'n latere datum as deel van die koste van 'n ontasbare bate erken word nie.***

Latere meting

- .71 *'n Entiteit moet óf die kosprysmodel in paragraaf .73 óf die herwaardasie-model in paragraaf .74 kies as sy rekeningkundige beleid. As 'n ontasbare bate met gebruik van die herwaardasie-model in rekening gebring word, moet al die ander bates in daardie klas ook in rekening gebring word met gebruik van dieselfde model, tensy daar geen aktiewe mark vir daardie bates bestaan nie.***
- .72 'n Klas van ontasbare bates is 'n groepering van bates van vergelykbare aard en gebruik in 'n entiteit se bedrywighede. Die items binne 'n klas van ontasbare bates word gelyktydig herwaardeer om selektiewe herwaardasie van bates en die verslagdoening oor bedrae in die finansiële state wat 'n mengsel van koste en waardes op verskillende datums is, te voorkom.

Kosprysmodel

- .73 *Ná aanvanklike erkenning moet 'n ontasbare bate teen die kosprys daarvan gedra word minus enige opgelope amortisasie en enige opgelope waardedalingsverliese.***

Herwaardasie-model

- .74 *Ná aanvanklike erkenning moet 'n ontasbare bate teen 'n herwaardeerde bedrag gedra word, wat die billike waarde daarvan is op die datum van herwaardasie, minus enige latere opgelope amortisasie en enige latere opgelope waardedalingsverliese. Vir die doel van herwaardasies***

ooreenkomstig hierdie Standaard moet billike waarde bepaal word met verwysing na 'n aktiewe mark. Herwaardasies moet só gereeld uitgevoer word dat die drabedrag van die bate op die verslagdoeningsdatum nie wesenlik van die billike waarde daarvan verskil nie. Die rekeningkundige behandeling vir herwaardasies word in paragraaf .84 tot .87 uiteengesit.

- .75 Die herwaardasiemodel maak nie vir die volgende voorsiening nie:
- (a) die herwaardasie van ontasbare bates wat nie voorheen as bates erken is nie; of
 - (b) die aanvanklike erkenning van ontasbare bates teen ander bedrae as kosprys.
- .76 Die herwaardasiemodel word toegepas nadat 'n bate aanvanklik teen kosprys erken is. Indien slegs 'n gedeelte van die koste van 'n ontasbare bate egter as 'n bate erken word omdat die bate eers 'n ent weg deur die proses aan die maatstawwe vir erkenning voldoen het (kyk paragraaf .63), kan die herwaardasiemodel op daardie bate in die geheel toegepas word. Daarbenewens kan die herwaardasiemodel op 'n ontasbare bate toegepas word wat deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie ontvang is (kyk paragraaf .38 en .39).
- .77 Dit is ongewoon dat daar 'n aktiewe mark vir 'n ontasbare bate bestaan, hoewel dit kan gebeur. 'n Aktiewe mark kan byvoorbeeld bestaan vir vryelik oordraagbare homogene klasse lisensies of produksiekwotas wat die entiteit van 'n ander entiteit verkry het. 'n Aktiewe mark kan egter nie vir handelsname, koerantgewelname, musiek- en filmpublikasieregte, patente of handelsmerke bestaan nie, omdat elke sodanige bate uniek is. Hoewel ontasbare bates gekoop en verkoop word, word kontrakte tussen individuele kopers en verkopers onderhandel, en transaksies vind betreklik selde plaas. Derhalwe kan die prys wat vir een bate betaal word, dalk nie voldoende bewyse van die billike waarde van 'n ander een oplewer nie. Bowendien is pryse dikwels nie vir die publiek beskikbaar nie.
- .78 Die frekwensie van herwaardasies hang af van die ongestadigheid van die billike waardes van die ontasbare bates wat herwaardeer word. Indien die billike waarde van 'n herwaardeerde bate wesenlik van die drabedrag daarvan verskil, is 'n verdere herwaardasie nodig. Sommige ontasbare bates kan beduidende en wisselvallige bewegings in billike waarde ervaar, wat jaarlikse herwaardasie nodig maak. Vir ontasbare bates wat slegs onbeduidende skommelings in billike waarde ervaar, is dit onnodig om sulke herwaardasies so dikwels uit te voer.
- .79 Indien 'n ontasbare bate herwaardeer word, word enige opgelope amortisasie op die datum van die herwaardasie:
- (a) óf proporsioneel heraanagegee met die verandering in die bruto drabedrag van die bate sodat die drabedrag van die bate ná herwaardasie gelyk is aan

die herwaardeerde bedrag daarvan;

- (b) óf afgeskryf teen die bruto drabedrag van die bate en die netto bedrag, heraangetoon as die herwaardeerde bedrag van die bate.

Die bedrag van die aansuiwering wat voortspruit uit die hersamestelling of afskrywing van die opgelope amortisasie maak deel uit van die verhoging of verlaging in die drabedrag wat ooreenkomstig paragraaf .84 en .85 in rekening gebring word.

- .80** *Indien 'n ontasbare bate in 'n klas van herwaardeerde ontasbare bates nie herwaardeer kan word nie omdat daar geen aktiewe mark vir daardie bate bestaan nie, moet die bate teen kosprys minus enige opgelope amortisasie en waardedalingsverliese gedra word.*
- .81** *Indien die billike waarde van 'n herwaardeerde ontasbare bate nie meer bepaal kan word met verwysing na 'n aktiewe mark nie, moet die drabedrag van die bate die herwaardeerde bedrag daarvan op die datum van die jongste herwaardasie daarvan wees met verwysing na die aktiewe mark minus enige latere opgelope amortisasie en enige latere opgelope waardedalingsverliese.*
- .82** Die feit dat 'n aktiewe mark nie meer vir 'n herwaardeerde ontasbare bate bestaan nie, kan daarop dui dat daar waardedaling van die bate kon plaasgevind het en dat dit getoets moet word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates of Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*, soos toepaslik.
- .83** Indien die billike waarde van die bate met verwysing na 'n aktiewe mark op 'n latere metingsdatum bepaal kan word, word die herwaardasiemodel van gemelde datum af toegepas.
- .84** *Indien die drabedrag van 'n ontasbare bate as gevolg 'n herwaardasie verhoog word, moet die verhoging regstreeks na 'n herwaardasiesurplus gekrediteer word. Die verhoging moet egter in surplus of tekort erken word in die mate waarin dit 'n herwaardasieverlaging van dieselfde bate wat voorheen in surplus of tekort erken is, omswaai.*
- .85** *Indien die drabedrag van 'n ontasbare bate as gevolg van 'n herwaardasie verlaag word, moet die verlaging in surplus of tekort erken word. Die verlaging moet egter regstreeks in netto bates gedebiteer word in die mate waarin enige kredietsaldo ten opsigte van daardie bate in die herwaardasiesurplus bestaan. Die verlaging wat regstreeks in netto bates erken word, verminder die bedrag wat onder die opskrif herwaardasiesurplus in netto bates opgeloop het.*
- .86** 'n Gedeelte van of al die kumulatiewe herwaardasiesurplus wat by netto bates

ingesluit is, kan regstreeks na opgehoopte surplusse of tekorte oorgedra word wanneer die bate onterken word. Dit kan die oordrag behels van 'n gedeelte van of die hele surplus wanneer die bates waarop die surplus betrekking het, aan diens onttrek word of vervreem word. Dele van die surplus kan egter oorgedra word namate die bates deur die entiteit gebruik word. In so 'n geval is die bedrag van die surplus wat oorgedra word die verskil tussen amortisasie wat op die herwaardeerde drabedrag van die bate gegrond is en amortisasie wat op grond van die bate se historiese koste erken word. Oordragte van die herwaardasiesurplus na opgehoopte surplusse of tekorte word nie deur surplus of tekort gedoen nie.

- .87 Riglyne oor enige uitwerking van belastinge op inkomste, indien daar is, wat uit die herwaardasie van ontasbare bates voortspruit, word ooreenkomstig die International Accounting Standard oor *Income Taxes* erken en geopenbaar gemaak.

Nutsduur

- .88 ***'n Entiteit moet bepaal of die nutsduur van 'n ontasbare bate beperk of onbeperk is en, indien dit beperk is, die lengte van daardie nutsduur, of getal produksie- of vergelykbare eenhede wat op nutsduur neerkom. 'n Ontasbare bate moet deur die entiteit beskou word asof dit 'n onbeperkte nutsduur het indien, gegrond op 'n ontleding van al die tersaaklike faktore, daar geen voorsienbare beperking is op die termyn waaroor die bate na verwagting netto kontantinvloei vir die entiteit sal genereer of dienspotensiaal aan die entiteit sal voorsien nie.***
- .89 Die in rekening bring van 'n ontasbare bate is gegrond op die nutsduur daarvan. 'n Ontasbare bate met 'n beperkte nutsduur word geamortiseer (kyk paragraaf .97 tot .106), terwyl 'n ontasbare bate met 'n onbeperkte nutsduur nie geamortiseer word nie (kyk paragraaf .107 tot .110). Die verduidelikende voorbeelde wat hierdie Standaard vergesel, verduidelik die vasstelling van nutsduur vir verskillende ontasbare bates, asook die latere in rekening bring van daardie bates gegrond op die nutsduurbepalings.
- .90 Baie faktore word oorweeg by die bepaling van die nutsduur van 'n ontasbare bate, met inbegrip van die volgende:
- (a) die verwagte gebruik van die bate deur die entiteit en of die bate doeltreffend deur 'n ander bestuursplan bestuur sou kon word;
 - (b) tipiese produklewensiklusse vir die bate en openbare inligting oor ramings van nutsduur van vergelykbare bates wat op 'n vergelykbare wyse gebruik word;
 - (c) tegniese, tegnologiese, kommersiële of ander tipes veroudering;

- (d) die stabiliteit van die bedryf waarin die bate funksioneer en veranderinge in die markvraag na die produk- of diensuitset van die bate;
 - (e) verwagte optrede deur mededingers of potensiële mededingers;
 - (f) die vlak van instandhoudingsuitgawes wat nodig is om die verwagte toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van die bate te verkry en die entiteit se vermoë en oogmerk om so 'n vlak te bereik;
 - (g) die termyn van beheer oor die bate en wetlike of vergelykbare beperkinge op die gebruik van die bate, soos die vervaldatums van verwante hure; en
 - (h) of die nutsduur van die bate afhang van die nutsduur van ander bates van die entiteit.
- .91 Die term 'onbeperk' beteken nie 'oneindig nie'. Die nutsduur van 'n ontasbare bate weerspieël slegs daardie vlak van toekomstige instandhoudingsuitgawes wat nodig is om die bate op sy werkverrigtingstandaard te hou wat vasgestel is ten tyde van die raming van die bate se nutsduur, en die entiteit se vermoë en bedoeling om so 'n vlak te bereik. 'n Gevolgtrekking dat die nutsduur van 'n ontasbare bate onbeperk is, behoort nie af te hang van beplande toekomstige uitgawes wat dié oorskry wat nodig is om die bate op daardie werkverrigtingstandaard te hou nie.
- .92 In die lig van die geskiedenis van snelle veranderinge op die gebied van die tegnologie is rekenaarprogrammatuur en talle ander ontasbare bates vatbaar vir tegnologiese veroudering. Derhalwe is die nutsduur daarvan waarskynlik kort.
- .93 Die nutsduur van 'n ontasbare bate kan baie lank of selfs onbeperk wees. Onsekerheid regverdig die raming van die nutsduur van 'n ontasbare bate op 'n omsigtige grondslag, maar dit regverdig nie die kies van 'n tydperk wat onrealisties kort is nie.
- .94 ***Die nutsduur van 'n ontasbare bate wat uit bindende reëlins (met inbegrip van regte van kontrakte) voortspruit, moet nie die tydperk van die bindende reëling oorskry nie, maar kan korter wees na gelang van die tydperk waaroor die entiteit verwag om die bate te gebruik. Indien die bindende reëlins (met inbegrip van regte uit kontrakte) oorgedra word vir 'n beperkte termyn wat hernubaar is, moet die nutsduur van die ontasbare bate die hernuwingstydperk(e) insluit slegs indien daar bewyse is om hernuwing deur die entiteit sonder beduidende koste te ondersteun.***
- .95 Daar kan ekonomiese, politieke, maatskaplike en regs faktore wees wat die nutsduur van 'n ontasbare bate beïnvloed. Ekonomiese, politieke of maatskaplike faktore bepaal die tydperk waaroor toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur die entiteit ontvang sal word. Regsfaktore kan die tydperk waaroor die entiteit toegang tot sodanige ekonomiese voordele en dienspotensiaal beheer, beperk. Die nutsduur is die kortste van die tydperke wat

deur hierdie faktore bepaal word.

- .96 Die bestaan van die volgende faktore dui onder andere daarop dat 'n entiteit in staat kan wees om die bindende reëlins (met inbegrip van regte uit kontrakte) sonder beduidende koste te hernu:
- (a) daar is bewyse, moontlik op grond van ervaring, dat die bindende reëlins (met inbegrip van regte uit kontrakte) hernu sal word. Indien hernuwing afhang van die toestemming van 'n derde party, sluit dit bewyse in dat die derde party sy toestemming sal verleen;
 - (b) daar is bewyse dat daar aan voorwaardes wat nodig is om hernuwing te bewerkstellig, voldoen sal word; en
 - (c) die koste van die hernuwing vir die entiteit is nie beduidend wanneer dit vergelyk word met die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat na verwagting uit die hernuwing na die entiteit sal vloei nie.

Indien die koste van hernuwing beduidend is wanneer dit vergelyk word met die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat na verwagting uit die hernuwing na die entiteit sal vloei, verteenwoordig die 'hernuwings'-koste in wese die koste om 'n nuwe ontasbare bate op die hernuwingsdatum te verkry.

Ontasbare bates met beperkte nutsduur

Amortisasietydperk en amortisasiemetode

- .97 ***Die afskryfbare bedrag van 'n ontasbare bate met 'n beperkte nutsduur moet op 'n sistematiese grondslag oor die nutsduur daarvan toegedeel word. Amortisasie moet begin wanneer die bate vir gebruik beskikbaar is, d.w.s. wanneer dit op die plek en in die toestand is wat nodig is vir die bedryf daarvan soos deur bestuur bedoel. Amortisasie moet ophou op die datum waarop die bate onderken word. Die amortisasiemetode wat gebruik word, moet die patroon weergee waarvolgens die bate se toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na verwagting deur die entiteit verbruik sal word. Indien daardie patroon nie betroubaar vasgestel kan word nie, moet die reguitlynmetode gebruik word. Die amortisasiekoste vir elke tydperk moet in surplus of tekort erken word, tensy hierdie of 'n ander Standaard toelaat of vereis dat dit in die drabedrag van 'n ander bate ingesluit moet word.***
- .98 'n Verskeidenheid van amortisasiemetodes kan gevolg word om die afskryfbare bedrag van 'n bate op 'n sistematiese grondslag oor die nutsduur daarvan toe te deel. Hierdie metodes sluit die reguitlynmetode, die afnemendesaldo-metode en die produksie-eenheidmetode in. Die metode wat gevolg word, word gekies op grond van die verwagte verbruikspatroon van die verwagte toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal vergestalt in die bate en word van tyd tot

tyd konsekwent toegepas, tensy daar 'n verandering in die verwagte verbruikspatroon van daardie toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal voorkom.

- .99 Amortisasie word gewoonlik in surplus of tekort erken. Soms word die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in 'n bate vergestalt is, egter in die produsering van ander bates geabsorbeer. In daardie geval maak die amortisasiekoste deel uit van die koste van die ander bate en word dit by die drabedrag daarvan ingesluit. Die amortisasie van ontasbare bates wat in 'n produksieproses gebruik word, word byvoorbeeld ingesluit in die drabedrag van voorraad (kyk die Standaard van AERP oor *Voorraad*).

Reswaarde

- .100 Die reswaarde van 'n ontasbare bate met 'n beperkte nutsduur moet as nul aanvaar word, tensy:**
- (a) daar 'n verbintenis deur 'n derde party is om die bate na afloop van die nutsduur daarvan te verkry; of**
 - (b) daar 'n aktiewe mark vir die bate bestaan en:**
 - (i) reswaarde vasgestel kan word met verwysing na daardie mark; en**
 - (ii) dit waarskynlik is dat so 'n mark sal bestaan aan die einde van die bate se nutsduur.**
- .101 Die afskryfbare bedrag van 'n bate met 'n beperkte nutsduur word vasgestel na aftrekking van die reswaarde daarvan. 'n Ander reswaarde as nul impliseer dat 'n entiteit verwag om met die ontasbare bate weg te doen voor die einde van die ekonomiese nutsduur daarvan.
- .102 'n Raming van 'n bate se reswaarde word gegrond op die bedrag wat uit vervreemding verhaalbaar is met gebruik van pryse wat geld op die datum van die raming vir die verkoop van 'n vergelykbare bate wat die einde van die nutsduur daarvan bereik het en bedryf is onder toestande wat vergelykbaar is met dié waaronder die bate gebruik sal word. Die reswaarde word ten minste op elke verslagdoeningsdatum hersien. 'n Verandering in die bate se reswaarde moet in rekening gebring word as 'n verandering in 'n rekeningkundige raming ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute*.
- .103 Die reswaarde van 'n ontasbare bate kan toeneem tot 'n bedrag gelyk aan of groter as die bate se drabedrag. As dit die geval is, is die bate se amortisasiekoste nul, tensy en totdat die reswaarde daarvan in 'n later stadium afneem tot 'n bedrag laer as die bate se drabedrag.

Hersiening van amortisasietydperk en amortisasiemetode

- .104 Die amortisasietydperk en die amortisasiemetode vir 'n ontasbare bate met 'n beperkte nutsduur moet ten minste op elke verslagdoeningsdatum hersien word. Indien die verwagte nutsduur van die bate van vorige ramings verskil, moet die amortisasietydperk dienoreenkomstig gewysig word. Indien daar 'n verandering was in die verwagte verbruikspatroon van die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in die bate vergestalt is, moet die amortisasiemetode gewysig word om die veranderde patroon weer te gee. Sodanige veranderinge moet in rekening gebring word as veranderinge in rekeningkundige ramings ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute.**
- .105 Gedurende die gebruiksduur van 'n ontasbare bate kan dit duidelik word dat die raming van die nutsduur daarvan ontoepaslik is. Die erkenning van 'n waardedalingverlies kan byvoorbeeld aandui dat die amortisasietydperk gewysig behoort te word.
- .106 Met verloop van tyd kan die patroon van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat na verwagting van 'n ontasbare bate na 'n entiteit sal vloei, verander. Dit kan byvoorbeeld duidelik word dat 'n afnemendesaldo-metode van amortisasie toepaslik is eerder as 'n reguitlynmetode. Nog 'n voorbeeld is wanneer gebruik van die regte wat deur 'n lisensie verteenwoordig word, uitgestel word in afwagting van optrede op ander komponente van die entiteit se bedryfsplan. In so 'n geval kan ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat uit die bate voortvloei, nie voor later tydperke ontvang word nie.

Ontasbare bates met onbeperkte nutsduur

- .107 'n Ontasbare bate met 'n onbeperkte nutsduur moet nie geamortiseer word nie.**
- .108 Ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Waardedaling van Kontantgenererende Bates en Waardedaling van Niekontantgenererende Bates word van 'n entiteit vereis om 'n ontasbare bate met 'n onbeperkte nutsduur of 'n ontasbare bate wat nog nie vir gebruik beskikbaar is nie, vir waardedaling te toets deur die verhaalbare bedrag en verhaalbare diensbedrag daarvan, soos toepaslik, met die drabedrag daarvan te vergelyk,
- (a) hetsy jaarliks,
 - (b) of wanneer daar ook al 'n aanduiding is dat daar waardedaling van die ontasbare bate voorgekom het.

Hersieningsevaluering van nutsduur

- .109** *Die nutsduur van 'n ontasbare bate wat nie geamortiseer word nie, moet met elke verslagdoeningstydperk hersien word om vas te stel of gebeure en omstandighede steeds 'n evaluering van onbepaalde nutsduur vir daardie bate ondersteun. Indien nie, moet 'n verandering in die nutsduurevaluering van onbepaald na beperk in rekening gebring word as 'n verandering in 'n rekeningkundige raming ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute.*
- .110** Vir ontasbare bates wat ooreenkomstig die kostemodel gemeet word om die nutsduur van 'n ontasbare bate as beperk eerder as onbepaald ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* of *Waardedaling van Kontantgenererende Bates*, soos toepaslik, te herevalueer is dit 'n aanduiding dat die bate in waarde gedaal het. As gevolg daarvan toets die entiteit die bate vir waardedaling deur die verhaalbare bedrag of verhaalbare diensbedrag daarvan, wat vasgestel is ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* en *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*, soos toepaslik, met die drabedrag daarvan te vergelyk, en enige oorskot van die drabedrag bo die verhaalbare bedrag of verhaalbare diensbedrag daarvan, soos toepaslik, as 'n waardedalingsverlies te erken.

Verhaalbaarheid van die drabedrag — waardedalingsverliese

- .111** Om te bepaal of daar waardedaling van 'n ontasbare bate voorgekom het, moet 'n entiteit die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* of *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*, soos toepaslik, toepas. Hierdie Standaard verduidelik wanneer en hoe 'n entiteit die drabedrag van die bates daarvan nagaan, hoe 'n entiteit die verhaalbare bedrag of verhaalbare diensbedrag van 'n bate vasstel en wanneer 'n entiteit 'n waardedalingsverlies erken of die erkenning daarvan omswaai.

Diensonttrekkings en vervreemdings

- .112** *'n Ontasbare bate moet onderken word:*
- (a) met vervreemding (met inbegrip van vervreemding deur 'n nie-uitruiltransaksie); of*
 - (b) wanneer geen toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van die gebruik of vervreemding daarvan verwag word nie.*

- .113 Die wins of verlies wat uit die onderkenning van 'n ontasbare bate voortspruit, moet in surplus of tekort ingesluit word wanneer die item onderken word (tensy die Standaard van AERP oor Hure ander vereistes vir 'n verkoop en terugverhuring stel).**
- .114 Die vervreemding van 'n ontasbare bate kan op verskillende maniere plaasvind (bv. deur verkoop, deur die aangaan van 'n bruikhuur of deur 'n nie-uitruiltransaksie). By die vasstelling van die datum van vervreemding van so 'n bate moet 'n entiteit die maatstawwe in die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* toepas vir die erkenning van inkomste uit die verkoop van goedere. Die Standaard van AERP oor *Hure* is van toepassing op vervreemding deur 'n verkoop en terugverhuring.
- .115 Indien 'n entiteit ooreenkomstig die erkenningsbeginsel in paragraaf .23 die koste van 'n vervanging van deel van 'n ontasbare bate in die drabedrag van 'n bate erken, onderken hy die drabedrag van die vervangde deel. As dit nie prakties uitvoerbaar is dat 'n entiteit vasstel wat die drabedrag van die vervangde deel is nie, kan hy die koste van die vervanging gebruik as 'n aanduiding van wat die koste van die vervangde deel was teen die tyd dat dit verkry of intern gegenereer is.
- .116 Die teenprestasie wat by vervreemding van 'n ontasbare bate ontvangbaar is, word aanvanklik teen die billike waarde daarvan erken. Indien betaling vir die ontasbare bate uitgestel word, word die teenprestasie wat ontvang word, aanvanklik teen die kontantprysekwivalent erken. Die verskil tussen die nominale bedrag van die teenprestasie en die kontantprysekwivalent word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* as rente-inkomste erken om die effektiewe opbrengs op die debiteur weer te gee.
- .117 Amortisasie van 'n ontasbare bate met 'n beperkte nutsduur hou nie op wanneer die ontasbare bate nie meer gebruik word nie, tensy die bate volledig afgeskryf word.

Openbaarmaking

Algemeen

- .118 'n Entiteit moet die volgende vir elke klas ontasbare bates openbaar maak, met onderskeid tussen intern gegenereerde ontasbare bates en ander ontasbare bates:**
- (a) of die nutsduur onbeperk of beperk is en, indien beperk, die nutsduur of die amortisasiekoerse wat gebruik is;**
 - (b) die amortisasiemetodes wat gebruik is vir ontasbare bates met beperkte**

nutsdure;

- (c) *die bruto drabedrag en enige opgelope amortisasie (saamgevoeg met opgelope waardedalingsverliese) aan die begin en die einde van die tydperk;*
- (d) *die lynitem(s) van die staat van finansiële prestasie waarin enige amortisasie van ontasbare bates ingesluit is;*
- (e) *'n rekonsiliasie van die drabedrag aan die begin en einde van die tydperk, wat die volgende aantoon:*
 - (i) *toevoegings, wat dié uit interne ontwikkeling en dié wat afsonderlik verkry word, afsonderlik aantoon;*
 - (ii) *verkrygings deur 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer, 'n oordrag van funksies tussen entiteite nie onder gemeenskaplike beheer nie of 'n samesmelting;*
 - (iii) *vervreemdings;*
 - (iv) *toenames of afnames gedurende die tydperk wat voortspruit uit herwaardasies ooreenkomstig paragraaf .75, .84 en .85 (indien daar is);*
 - (v) *waardedalingsverliese wat gedurende die tydperk in surplus of tekort erken word ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor Waardedaling van Kontantgenererende Bates of Waardedaling van Niekontantgenererende Bates, soos toepaslik (indien daar is);*
 - (vi) *waardedalingsverliese wat gedurende die tydperk in surplus of tekort omgeswaai word ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor Waardedaling van Kontantgenererende Bates of Waardedaling van Niekontantgenererende Bates, soos toepaslik (indien daar is);*
 - (vii) *enige amortisasie wat gedurende die tydperk erken word;*
 - (viii) *die netto valutaverskille wat voortspruit uit die omrekening van die finansiële state tot die aanbiedingsgeldeenheid, en by omrekening van 'n buitelandse bedrywigheid tot die aanbiedingsgeldeenheid van die entiteit; en*
 - (ix) *ander veranderinge in die drabedrag gedurende die tydperk.*

.119 *'n Entiteit moet die volgende in die aantekeninge by die finansiële state openbaar maak ten opsigte van ontasbare bates wat in die proses van ontwikkeling is:*

- (a) *Die kumulatiewe uitgawe erken in die drawaarde van sodanige ontasbare bates. Hierdie uitgawes moet in totaal per klas van ontasbare bates openbaar gemaak word, met onderskeid tussen intern*

gegenereerde en ander ontasbare bates.

- (b) Die drawaarde van ontasbare bates wat 'n beduidend langer tydperk neem om te voltooi as wat verwag is, met inbegrip van redes vir enige vertragings.***
- (c) Die drawaarde van ontasbare bates waar ontwikkeling gestaak is, hetsy gedurende die huidige of vorige verslagdoeningstydperk(e). Die entiteit moet ook redes openbaar maak vir staking van die ontwikkeling van die bate en aandui of enige waardedalingsverliese met betrekking tot hierdie bates erken is.***

In die voorsiening van die openbaarmakings in .119(b) en (c) moet 'n entiteit besluit hoe om die vereiste inligting aan te bied, d.w.s. individueel of in totaal, byvoorbeeld per projek, per klas of op 'n ander toepaslike grondslag.

.120 'n Klas van ontasbare bates is 'n groepering van bates van vergelykbare aard en gebruik in 'n entiteit se bedrywighede. Voorbeelde van afsonderlike klasse kan die volgende insluit:

- (a) handelsname;
- (b) gewelname en publikasietitels;
- (c) rekenaarprogrammatuur;
- (d) lisensies;
- (e) outeursregte, patente of ander eiendomsregte, diens- en bedryfsregte;
- (f) regte om natuurlik voorkomende bates te gebruik, byvoorbeeld die reg om water te gebruik;
- (g) formules, modelle, ontwerpe en prototipes; en
- (h) ontasbare bates onder ontwikkeling.

Die klasse hierbo genoem, word gedisaggregeer(saamgevoeg) tot kleiner(groter) klasse indien dit vir die gebruikers van die finansiële state meer toepaslike inligting kan oplewer.

.121 Ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* of *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*, soos toepaslik, maak 'n entiteit inligting openbaar oor ontasbare bates waarvan die waarde gedaal het, bykomend tot die inligting wat in paragraaf .118(e)(v) tot (vii) vereis word.

.122 Die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* vereis dat 'n entiteit die aard en bedrag van 'n verandering in 'n rekeningkundige raming openbaar maak wat 'n wesenlike invloed

op die lopende tydperk het of wat na verwagting in latere tydperke 'n wesenlike invloed sal hê. Sodanige openbaarmaking kan voortspruit uit veranderinge in:

- (a) die evaluering van 'n ontasbare bate se nutsduur;
- (b) die amortisasiemetode; of
- (c) reswaardes.

.123 'n Entiteit moet ook die volgende openbaar maak:

- (a) *vir 'n ontasbare bate wat beoordeel is as een met 'n onbeperkte nutsduur, die drabedrag van daardie bate en die redes wat die evaluering van 'n onbeperkte nutsduur ondersteun. In hierdie opgaaf van redes moet die entiteit die faktor(e) omskryf wat 'n beduidende rol gespeel het in die vasstelling dat die bate 'n onbeperkte nutsduur het,*
- (b) *'n beskrywing, die drabedrag en oorblywende amortisasietydperk van enige individuele ontasbare bate wat wesenlik is vir die entiteit se finansiële state;*
- (c) *die bestaan en drabedrae van ontasbare bates waarvan die eiendomsreg beperk is en die drabedrae van ontasbare bates wat as sekuriteit vir laste verpand is; en*
- (d) *die bedrag van kontraktuele verpligtinge vir die verkryging van ontasbare bates.*

.124 Wanneer 'n entiteit die faktor(e) beskryf wat 'n beduidende rol gespeel het by die vasstelling dat die nutsduur van 'n ontasbare bate onbeperk is, moet die entiteit die lys faktore in paragraaf .90 in ag neem.

Ontasbare bates wat ná erkenning met gebruik van die herwaardasiemodel gemeet word

.125 Indien ontasbare bates teen herwaardeerde bedrae in rekening gebring word, moet 'n entiteit die volgende openbaar maak:

- (a) *volgens klas van ontasbare bates:*
 - (i) *die inwerkingtredingsdatum van die herwaardasie;*
 - (ii) *die drabedrag van herwaardeerde ontasbare bates; en*
 - (iii) *die drabedrag wat erken sou word indien die herwaardeerde klas van ontasbare bates ná erkenning met gebruik van die kostemodel in paragraaf .73 gemeet sou word;*
- (b) *die bedrag van die herwaardasiesurplus wat betrekking het op ontasbare bates aan die begin en einde van die verslagdoeningstydperk, met aanduiding van die veranderinge*

gedurende die verslagdoeningstydperk en enige beperkings op die uitkering van die saldo aan die eienaars van die netto bates; en

(c) die metodes en beduidende aannames wat by die raming van die items se billike waardes toegepas is.

- .126 Dit kan vir openbaarmakingsdoeleindes nodig wees om die klasse herwaardeerde bates saam te voeg tot groter klasse. Klasse word egter nie saamgevoeg indien dit die kombinerings van 'n klas van ontasbare bates tot gevolg sou hê wat bedrae insluit wat gemeet is ooreenkomstig sowel die koste- as die herwaardasie-model nie.

Navorsings- en ontwikkelingsuitgawes

.127 'n Entiteit moet die totale bedrag van navorsings- en ontwikkelingsuitgawes wat gedurende die tydperk as 'n uitgawe erken is, openbaar maak.

- .128 Navorsings- en ontwikkelingsuitgawes behels alle uitgawes wat regstreeks aan navorsings- of ontwikkelingsbedrywighede toeskryfbaar is (kyk paragraaf .64 en .65 vir riglyne oor die tipe uitgawes wat vir die doel van die openbaarmakingsvereiste in paragraaf .126 ingesluit moet word).

Ander inligting

- .129 'n Entiteit word aangespoor, hoewel dit nie vereis word nie, om 'n bondige beskrywing openbaar te maak van beduidende ontasbare bates wat deur die entiteit beheer word, maar nie as bates erken word nie omdat hulle nie aan die erkenningsmaatstawwe in hierdie Standaard voldoen nie.

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .130 Die oorgangsbepalings wat by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard deur entiteite toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.***

Wysigings aan die Standaarde van AERP

- .131 Paragraaf .87 is bygevoeg en paragraaf .74, .79, .86 en .113 is gewysig deur die Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat op 1 April 2014 uitgereik is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings terugwerkend toepas vir jaartydperke wat begin op of na 1 April 2015. Indien 'n entiteit verkies om hierdie***

wysigings vroeër toe te pas, moet dit so openbaar gemaak word.

- .132** *Paragraaf .119 en .129 is gewysig deur die Wysigings aan die Standaarde van AERP oor Beleggingseiendom en Eiendom, Aanleg en Toerusting (2014) wat op 26 Mei 2015 uitgegee is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings vooruitwerkend toepas ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Ramings en Foute.*

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .133** *'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of na 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal moet word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word.*

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .134** *'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2015 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings vir 'n tydperk toepas wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Herroeping van die Standaard van AERP oor Ontasbare Bates (2006)

- .135** *Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor Ontasbare Bates wat in 2006 uitgegee is.*

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Intangible Assets* (Januarie 2010)

Die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates* (AERP 31) is hoofsaaklik ontleen aan die International Public Sector Accounting Standard oor *Intangible Assets* (IPSAS 31). Die belangrikste verskille tussen AERP 31 en IPSAS 31 is soos volg:

- Die omvang van AERP 31 verskil van IPSAS 31 deurdat staatsakeondernemings anders omskryf word.
- IPSAS 31 beskryf die reswaarde van die totale bates na aftrekking van die totale laste as “netto bates/ekwiteit”, terwyl GRAP 31 na “netto bates” verwys.
- Hierdie Standard gebruik in bepaalde gevalle ander terminologie; IPSAS 31 verwys byvoorbeeld na “strategiese plan” en “gebruikers van ’n diens” (“strategic plan” en “users of a service”), terwyl AERP 31 verwys na “bedryfsplan” en “kliënte”.
- Die omvangsuitsluiting in AERP 31 verskil van dié in IPSAS 31 aangesien die Raad Standaarde van AERP uitgereik het wat te make het met oordrag van funksies wat ’n ander hantering vir klandisiewaarde vereis.
- Riglyne oor die hantering van klandisiewaarde in hierdie Standaard is belyn met die vereistes in die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*.
- ’n Omskrywing van “aktiewe mark” en “amortisasie” is ingesluit in AERP 31, gegrond op die ekwivalente International Accounting Standard oor *Intangible Assets* (IAS 38). IPSAS 31 bevat nie so ’n omskrywing nie.
- Die identifiseerbaarheidsmaatstaf in AERP 31 verskil van dié in IPSAS 31. AERP 31 het die verwysing na “of ander wetlike regte” (“or other legal rights”) uitgesluit as gevolg van die omvangsuitsluiting van bevoegdhede en regte wat deur wetgewing, ’n grondwet, of deur gelykwaardige middele aan ’n entiteit oorgedra word.
- Riglyne oor ontasbare erfenisbates soos ingesluit in IPSAS 31 is nie in hierdie Standaard ingesluit nie, aangesien die Raad ’n afsonderlike Standaard van AERP uitgereik het wat oor erfenisbates handel.
- Bykomende openbaresektorvoorbeelde is in AERP 31 ingesluit om die toepassing van ontasbare bates op die Suid-Afrikaanse openbare sektor te verduidelik.
- Die Application Guidance in IPSAS 31 oor webtuistekoste word nie in AERP 31 ingesluit nie, aangesien die Raad die riglyne uitgereik het as ’n Vertolking van die Standaarde van AERP (kyk VAERP 16).

AERP 31

- Hierdie Standaard vereis dat die kumulatiewe uitgawes wat in die drawaarde van ontasbare bates erken word in totaal of per klas van ontasbare bates openbaar gemaak word, met onderskeid tussen intern gegenereerde en ander ontasbare bates. Dit vereis ook openbaarmaking van die drawaarde van ontasbare bates wat 'n beduidend langer tyd neem om te voltooi as wat verwag is, met inbegrip van redes vir enige vertraging. Openbaarmaking word ook vereis van die drawaarde van ontasbare bates waar ontwikkeling gestaak is, hetsy gedurende die huidige of vorige verslagdoeningstydperk(e), met inbegrip van redes vir sodanige staking asook of enige waardedalingsverliese met betrekking tot hierdie bates erken is.
- Hierdie Standaard moedig nie openbaarmaking aan van ten volle geamortiseerde ontasbare bates wat steeds in gebruik is nie.
- Oorgangsbepalings wat op hierdie Standaard van AERP van toepassing is, word anders hanteer as in IPSAS 31.
- Die bylae met die verduidelikende voorbeelde is uit hierdie Standaard geskrap.